15.4 RAPPORT 4 – DEPUTATE SDDS – NOODLYDENDES EN NOOD-TOESTANDE (Art 131)

15.4 REPORT 4 – DEPUTIES SDDS – THE DESTITUTE AND EMERGENCY CONDITIONS (Art 131)

A. Ds MJ Erasmus stel die Rapport.
Rev MJ Erasmus tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag: (Acta 2003:147, 2.2.2.1)	**1. Mandate: (Acta 2003:147, 2.2.2.1)**
1.1 Die primêre opdrag is om in samewerking met plaaslike diakonieë, ook in ander Sinodes, daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan alle mense wat geen kos, klere en onderdak het nie. In die hulpverlening moet voorkeur gegee word aan aansoeke waar noodlydendes in staat gestel word om in groter mate selfversorgend te word.	1.1 The primary mandate is to offer real and continuous assistance to those who don't have food, clothing and a home – in cooperation with local deaconates, also in other Synods. Such assistance must preference applications where the needy are enabled to become increasingly self-sufficient.
1.2 Stel ondersoek in na noodsituasies en -toestande binne en buite die Republiek van Suid-Afrika. Bekom gegewens oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA en ook van ander (Gal 6:10).	1.2 Investigate emergency situations and conditions within and outside the Republic of South Africa. Obtain the details of the need of fellow believers within and outside the GKSA and others (Gal 6:10).
1.3 Maak en behou kontak met ander kerklike instansies, liggame en instellings wat gemoeid is met soortgelyke hulpverlening.	1.3 Make and keep contact with other church institutions, bodies and groups providing in similar assistance.
1.4 Gee aan die Kerke inligting en advies oor tersaaklike hulpverlening.	1.4 Provide the churches with information and advice over the relevant assistance.
1.5 Kry opdrag om alle behoeftes onder die aandag van kerke en diakonieë te bring en bydraes tot die Fonds vir Noodtoestande te vra.	1.5 Inform the churches and deaconates of all needs and request funds for emergency conditions.
1.6 Dra daartoe by, sover moontlik, dat die uitdeling van hulp volgens die eise van die amp van diaken sal geskied.	1.6 Ensure, as far as possible, the compliance of the distribution of assistance with the requirements of the office of deacon.
1.7 Vind weë en middele om hulle werk aan die kerke in die ressort van die Algemene Sinode bekend te stel.	1.7 Find ways and means to inform the churches about the work in the area of the General Synod.
1.8 Wys by konstituering iemand uit eie geledere aan om in samewerking en in oorleg met Deputate vir Radio en TV, sake na Radio, TV en kerklike nuusblaaie deur te stuur.	1.8 Appoint someone from the Deputies to forward matters to radio, TV and church newsletters in consultation with the Deputies Radio and TV.
1.9 Lig kerke in oor hulle opdrag en voorsien diakonieë van die toepaslike	1.9 Inform churches on their mandate and provide deaconates with the proper

aansoekvorms.	application forms.
1.10 Die Deputate moet in hulle Rapport aan die Sinode besonderhede van die hulpverlening aan kerke en instansies verskaf.	1.10 Report to the Synod on the assistance provided to churches and institutions.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.10 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.10 noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod take note of**
2.1 Gedurende hierdie termyn het die Deputate die fonds jaarliks op 'n vasgestelde bedrag van R200 000 gehou. Sodra die Deputate bewus geword het van nood, is briewe aan diakonieë gerig om die spesifieke nood onder hul aandag te bring.	2.1 During this term the Deputies kept the fund to a set amount of R200 000 per year. As soon as the Deputies learned of need, letters were forwarded to deaconates to inform them of this specific need.
2.2 Sake wat aandag geniet het en waarvoor toekennings gemaak is of inligting deurgegee is: (met hierdie toekennings is die Sinodeopdragte nougeset nagekom):	2.2 Matters that were addressed and received funds or information were (these awards were made in strict adherence to Synod instructions):
2.2.1 Hulp aan diakonie van GK Bellville.	2.2.1 Aid to the deaconate of GK Bellville.
2.2.2 Hulp met brande in Harrismith-distrik.	2.2.2 Aid with fires in Harrismith district.
2.2.3 Hulp met droogte in Noordwes.	2.2.3 Aid with drought in North West.
2.2.4 Hulp met haelskade in Kwa-Thema.	2.2.4 Aid with hail damage in Kwa-Thema.
2.2.5 Hulp met aardbewing in Nepal.	2.2.5 Aid with earthquake in Nepal.
2.2.6 Hulp met aardbewing in Orkney.	2.2.6 Aid with earthquake in Orkney.
2.2.7 Hulp met siekte in Sannieshof.	2.2.7 Aid with illness in Sannieshof.
2.2.8 Hulp met siekte in Pretoria.	2.2.8 Aid with illness in Pretoria.
2.2.9 Hulp met brandskade in Eden-omgewing.	2.2.9 Aid with fire damage in Eden area.
2.3 Hoewel die saak van die beskikbaarheid van hulpverlening aan diakonieë vir noodleniging gereeld in die kerkverband bekend gemaak word, ontvang die Deputate weinig aansoeke om hulp uit die noodfonds terwyl die vermoede bestaan dat daar tog nood bestaan. Die Deputate word genoodsaak om kragtens die Sinode-opdrag na aanleiding van mediaberigte self navraag te doen na nood wat mag bestaan.	2.3 Although the availability of assistance from deaconates is regularly conveyed to the churches, the deputies receive few applications for aid from the emergency fund. It is, however, suspected that there is indeed need. The Deputies are forced to make enquiries about possible needs based on media reports, upon instruction by the Synod.
2.4 Met verwysing na artikels 2.2.3 en 2.2.4 hierbo kan die Deputate kragtens 'n vorige Sinodebesluit nie betrokke raak met versoeke om finansiële hulp ten einde mediese kostes te dek nie. Tog rig diakonieë sodanige versoeke om hulp. Die gebruik is om sodanige versoeke in die kerkverband bekend te maak. Die praktyk het getoon dat diakonieë die meriete van sodanige sake versigtig oorweeg en dan positief reageer.	2.4 The Deputies could not become involved with requests for financial aid for covering medical costs, in reference to points 2.2.3 and 2.2.4 above, due to previous Synod decisions. Yet deaconates submit such requests for assistance, which are then conveyed to the churches. Past experience has shown that deaconates carefully consider the merits of such matters and then react positively.

2.5 Met een aansoek om bystand aan ‘n diakonie was die Deputate genoodsaak om meer inligting te bekom. Dit het geblyk dat die diakonie eie fondse en ook bydraes van naburige diakonieë nie met oordeel aangewend het nie. Bevoordeling het plaasgevind en geen ag is aan goedbedoelde raad gegee nie. Die Deputate het gee keuse gehad as om enige bystand te weier. **Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 kennis geneem.**	2.5 One request for assistance to a deaconate required the Deputies to obtain further information. It seemed that the deaconate had not applied the funds and contributions from neighbouring deaconates with prudence. The case was evaluated, but no heed was taken of well-intentioned advice and the Deputies had no choice but to refuse assistance. **Decision: Points 2.1 to 2.5 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit <u>Aanbeveling</u> 3.1 Die te benoeme Deputate die opdragte (punt 1) kontinueer. **Besluit: Goedgekeur – te benoeme Deputate om ‘n brief aan die kerke te skryf.**	**3. Matters that the Synod decide on** <u>Recommendation</u> 3.1 The appointed Deputies are to continue with the instructions of the mandate (point 1). **Decision: Approved – to be named Deputies instructed to write a letter to the churches.**